

Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
1 Februarie 2012

Geldmarkeffektetrustfondse onttroon as bedryf se grootste kategorie

Die plaaslike Kollektiewe Beleggingskema (CIS) -bedryf se bates onder bestuur het verlede jaar met R69 miljard tot R996 miljard toegeneem, net kort van die R1 triljoen-merk.

Mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), het vandag op 'n mediakonferensie in Johannesburg die plaaslike en buitelandse CIS-statistieke vir 2011 bekend gemaak en gesê ofskoon die bedryf gehoop het om verlede jaar die R1 triljoen-merk in bates onder bestuur verby te steek, is die groei in bates bevredigend gegewe die klimaat van uiterste onbestendigheid en ekonomiese onsekerheid die afgelope jaar.

“Die onbestendigheid wat deur die voortslepende krisis in die eurosone veroorsaak is gepaard met die strawwe ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika het 'n negatiewe impak op beleggerssentiment gehad. Daarby was daar die afgelope jaar 'n swaar uitvloeï uit geldmarkfondse omdat korporatiewe beleggers hulle kontantbesit herposisioneer het.”

As gevolg daarvan het die CIS-bedryf die afgelope jaar 'n netto invloei van slegs R48 miljard ondervind, die laagste in sewe jaar.

Campher sê die netto invloei was die hele jaar deur laag, maar veral in die tweede en vierde kwartaal baie swak. Die plaaslike vasterentegeldmark-kategorie het 'n netto uitvloeï in drie kwartale van verlede jaar ondervind, wat die totale netto uitvloeï vir die jaar op R21 miljard te staan bring.

Teen die einde van 2011 het die bedryf oor 947 fondse beskik, net vier meer as teen die einde van 2010.

Campher sê die aantal beskikbare fondse het in die eerste kwartaal van verlede jaar vir die eerste keer in die bedryf se geskiedenis gekrimp. “Al is nuwe fondse gedurende die jaar geregistreer, is verskeie fondse gederegistreer deur batebestuurders wat hulle fondsaanbieding wou rasionaliseer.

“ASISA is nie verbaas dat fondsaanbiedinge gerasionaliseer word met al die regulatoriese veranderinge in Suid-Afrika en die internasionale tendens om beleggers meer gefokusde fondso oplossings te bied nie,” sê Campher.

Die bedryf se batetoewysingsfondse is 'n voorbeeld van die tipe gefokusde oplossings wat tans beskikbaar is.

Batetoewysing voer die botoon

Die plaaslike batetoewysing-kategorie het die plaaslike vasterentegeldmark-kategorie in die vierde kwartaal van verlede jaar onttroon as die bedryf se grootste kategorie.

Teen die einde van Desember 2011 het die plaaslike batetoewysing-kategorie bates onder bestuur van R277 miljard gehad, of 28% van die bedryf se bates. Geldmarkfondse het bates van R252 miljard gehad, of 25% van die bedryf se bates.

Plaaslike batetoewysingsfondse het verlede jaar die meeste beleggersgeld gelok met die fondskategorie wat 'n rekord netto invloei van R43 miljard ondervind het. Die plaaslike vasterente-kategorie (geldmarkfondse uitgesluit) het verlede jaar 'n netto invloei van slegs R14 miljard ontvang, terwyl plaaslike aandelefondse 'n netto invloei van R10 miljard aangeteken het.

Die plaaslike batetoewysingsfondse belê in die aandeel-, effekte-, geld- en eiendomsmarkte met die batebestuurder wat besluit oor hoeveel geld in elke bateklas belê word. Dié fondse het gewild geraak by beleggers én adviseurs aangesien dit diversifikasie oor bateklasse binne een fonds bied, met 'n kundige fondsbestuurder wat oor die geskikte mengsel besluit.

Geposisioneer vir kapitaalgroei

Campher sê ondanks die verskuiwing in beleggersfokus na batetoewysingsfondse in onlangse jare is die grootste gedeelte van beleggers se geld in plaaslike vasterentefondse (geldmark-, effekte-, inkomste- en veranderlike spesialisfondse) belê.

Teen die einde van verlede jaar was meer as 50% van die plaaslike bates onder bestuur in vasterentefondse belê.

“Beleggers kan vergewe word dat hulle wil ontsnap aan die genadelose wispelturigheid van die aandelemarkte. Ongelukkig is dié beleggers se geld gewoonlik steeds in vasterentefondse geparkeer wanneer die markte begin herstel. Terwyl vasterentefondse na 'n goeie idee lyk wanneer die JSE se indeks van alle aandele (ALSI) 'n misrabele 2.6% uitkeer, het aandele vasterente en inflasie op lang termyn konstant geklop.”

Campher sê die onderstaande tabel toon beleggers met 'n betreklik kort beleggingshorison van vyf jaar of minder sou beter gevaar het in 'n geldmarkfonds. Op die langer termyn van 10 jaar of meer het aandelefondse beleggers egter met dubbelsyfer-opbrengste beloon.

“Die tabel wys ook waarom batetoewysingsfondse so gewild geraak het onder beleggers. Oor een en vyf jaar het die plaaslike omsigtige veranderlike batetoewysingsaandelefondse die geldmarkfondse se prestasie geëwenaar, maar oor 10 jaar dubbelsyferopbrengste gelewer, net ietwat minder as aandelefondse.”

| Tydperk tot 31 Desember 2011 | Plaaslike Algemene Aandelefondse | Plaaslike Omsigtige Veranderlike Batetoewysings-aandelefondse | Plaaslike Vasterente-geldmarkfondse | Inflasie (VPI) |
|------------------------------|----------------------------------|---|-------------------------------------|----------------|
| 1 jaar | 3% | 6% | 6% | 6% |
| 5 jaar | 7% | 7% | 9% | 7% |
| 10 jaar | 16% | 14% | 9% | 6% |
| 20 jaar | 14% | Geen syfers | Geen syfers | 7% |

Prestasiesyfers vir 5, 10 en 20 jaar is geannualiseer.

Bron: Profile Media

Invloei-statistieke

Die meeste van die beleggings in die CIS-bedryf het in die 12 maande tot einde Desember verlede jaar via tussengangers gekom (34%). Regstreekse beleggings van verbruikers het oor hierdie tydperk 22% van die invloei uitgemaak. Verskaffers van gekoppelde beleggingsdienste (Lisps) het 21% van verkope opgelewer, en 23% van verkope was afkomstig van institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse.

In 2010 het tussengangers 37% van verkope opgelewer, terwyl regstreekse beleggings 29% van verkope uitgemaak het. Die bedryf het 21% van verkope van Lisps ontvang, en 13% van institusionele beleggers.

Buitelandse fokus

Plaaslik geregistreerde buitelandse fondse het teen einde Desember verlede jaar R134.6 miljard se bates onder bestuur gehad in vergelyking met R107.2 miljard teen die einde van 2010.

Effektetrustfondse in buitelandse geld is in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen gedenomineer en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Dié fondse kan alleenlik aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word indien dit by die Raad op Finansiële Dienste geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in sulke fondse wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal van hulle vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal gebruik maak.

Fondse wat in buitelandse geld gedenomineer is, het verlede jaar 'n netto invloei van R15.4 miljard gelok, die hoogste nóg. Dit kan deels toegeskryf word aan die verdere verslapping in die buitelandse beleggingstoelae vir individue in Oktober verlede jaar, wat elke Suid-Afrikaanse belastingbetaler in effek toelaat om tot R4 miljoen per jaar landuit te neem.

Daar is tans 342 fondse in buiteland-gedenomineerde geldeenhede wat in Suid-Afrika te koop is.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. Dié lede het saam meer as R4 triljoen se bates onder bestuur.